Innibos | Innibos Nuus | Local news | News

# Feeskunstenaar laat blywende indruk

**Die feeskunstenaar beplan om 'n blywende indruk in Mbombela te laat wat lank na die einde van Innibos nog hier sal wees.**

July 2, 2015



SHARE

Vanjaar se feeskunstenaar, Willem Boshoff, het uit sy pad gegaan om 'n blywende indruk in Mbombela te laat, een wat lank na die einde van Innibos nog hier sal wees.

Buiten die amptelike kunsuitstalling, Betowering waaraan hy saam met ses ander beeldende kunstenaars deelneem, het Willem onlangs een van sy ouer werke aan die stad geskenk.

AUTHOR



Mireille de Villiers
Journalist

More by Mireille de Villiers

Leaders must learn to unleash the potential in their employees

ANC coming to terms with seven-point drop in Mpumalanga support

ANC keeps grip on Mpumalanga municipalities

Shock at politicians' arrests

Record number of entries for first leg of MTB school series



*Garden of Words III* is die derde aflewering in 'n reeks. Dit stel 'n gedenktuin voor, soos vir gesneuwelde soldate, maar vir plante. Dit het sy laaste rusplek onder die raasblaarbome agter die teetuin in die botaniese tuin gevind; afgehandel en oop vir die publiek, fees ofte nie.

> **"Volgens die internasionale unie vir die bewaring van die natuur se rooilys van bedreigde spesies sal sowat 30 000 plante wêreldwyd oor die volgende 100 jaar verdwyn."**

Willem gebruik egter slegs die name van plante wat hy deur interaksie daarmee al leer ken het. Die derde aflewering is die eerste keer in 2007 in Kaapstad uitgestal. Dit het oorspronklik uit 15 000 plantname bestaan, maar is aangepas om in die Laeveld Nasionale Botaniese Tuin se beskikbare spasie te pas.

Sien die video hier:

